

Titel: Goedgekeur
Pastoor: Lucille May
Datum: 20 Julie 2008
Tyd: 19h15



Mattheus 4:1-4

¹ Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. ² En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. ³ En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. ⁴ Maar Hy antwoord en sê: **Daar is geskrywe**: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

- **Lewe – brood of God?**
- **Gehoorzaamheid aan die Woord – onderhou ons**

Mattheus 4:5-7

⁵ Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan ⁶ en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want **daar is geskrywe**: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie. ⁷ Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

- **Verkeerde bron – misleiding**
- **Heilige Gees roep Woord op uit geheue > oorlogvoering**

Oorlogvoering?

Jakobus 4:7

⁷ Onderwerp julle dan aan God; **weerstaan** die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Staan?

Eksodus 14:13

¹³ Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, **staan** vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie.

Vlug?

Mattheus 2:13

¹³ En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar 'n engel van die HERE in 'n droom aan Josef en sê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en **vlug** na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.

Mattheus 4:8-10

⁸ Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, ⁹ en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. ¹⁰ Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

Spreuke 20:21

²¹ An Wie te vroeg op sy erfposie aandring, het niks vir sy oudag nie.

Mattheus 24:24

²⁴ Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Efesiërs 4:11-12

¹¹ En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, ¹² om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

Efesiërs 4:12 NV

¹¹ Sy doel daarmee **was** om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

II Timotheus 2:15 (AOV & NV)

¹⁵ Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.